(6) As dit lyk of die toestand van enige goed hoegenaamd, hetsy roerend of onroerend, ter sake kan wees by die beslissing van 'n geskilpunt in 'n aksie, kan enige party in enige stadium kennis gee aan die party wat op die toestand van die goed steun of wat dit in **[sy]** daardie party se besit of onder **[sy]** daardie party se beheer het, dat **[hy]** daardie party dit beskikbaar moet stel vir ondersoek ingevolge hierdie subreël, en **[hy]** daardie party kan in die kennisgewing verlang dat die goed of 'n billike eksemplaar daarvan vir hoogstens **[tien]** 10 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing vir ondersoek beskikbaar bly.

(7) Die party wat versoek word om goed vir ondersoek beskikbaar te stel, kan eis dat die party wat dit aanvra, die aard van die beoogde ondersoek aangee en **[hy]** daardie party is nie verplig om die goed daaraan te onderwerp nie as dit om of haar wesenlik sal benadeel vanweë die uitwerking daarvan op die goed. As daar 'n geskil ontstaan of die goed vir ondersoek beskikbaar gestel moet word, kan enige van die partye dit vir beslissing na 'n regter verwys by kennisgewing waarin vermeld word dat die ondersoek aangevra is en dat daar ingevolge hierdie subreël beswaar aangeteken word. Die regter kan na goeddunke 'n bevel gee.

(8) 'n Party wat 'n ondersoek ingevolge subreëls (1) en (6) bewerkstellig, moet—

- (a) die persoon wat die ondersoek doen, 'n volledige verslag van sy of haar bevindinge en gevolgtrekkings oor tersaaklike aangeleenthede laat skryf, binne twee maande vanaf die datum van die ondersoek of binne 'n tydperk soos deur 'n regter gelas ingevolge artikel 37(8) of ingevolge reël 37A; en
- (b) binne vyf dae vanaf ontvangs van die verslag, alle ander partye skriftelik verwittig van die bestaan van die verslag en op versoek van 'n ander party onmiddellik 'n volledige afskrif daarvan verskaf; en
- (c) die koste van die ondersoek dra. Met dien verstande dat sodanige uitgawe deel uitmaak van dié party se koste.

(9) Niemand mag, behalwe met verlof van die hof of die toestemming van alle partye tot die geding, iemand roep om as deskundige te getuig oor aangeleenthede waarvoor deskundige getuigenis toelaatbaar is nie, tensy **[hy]**—

- (a) waar die eiser voornemens is om 'n deskundige te roep, in welke geval die eiser minstens [vyftien dae voor die verhoor] 30 dae na die sluiting van pleitstukke, of waar die verweerder voornemens is om die deskundige te roep, moet die verweerder minstens 60 dae na die sluiting van pleitstukke, 'n kennisgewing dat hy of sy dit wil doen, afgelewer het; en
- (b) [minstens tien] waar in die geval van die eiser hoogstens 90 dae [voor die verhoor] na die sluiting van pleitstukke en in die die geval van die verweerder hoogstens 120 dae na die sluiting van pleitstukke, moet die eiser of verweerder 'n opsomming van [so 'n] die deskundige se menings en [sy] die redes daarvoor, afgelewer het[.];

Met dien verstande dat die kennisgewing en opsomming in elk geval afgelewer word voordat 'n eerste saakbestuurkonferensie gehou ingevole reëls 37A(6) en (7) of soos gelas deur 'n saakbestuurregter.

(9A) Die partye—

- (a) moet, sover moontlik, poog om 'n enkele gesamentlike deskundige aan te stel oor enige een of al die geskilpunte in die saak; en
- (b) moet 'n gesamentlike notule indien van deskundiges rakende dieselfde gebied van kundigheid binne 20 dae vanaf die datum van die jongste indiening van sodanige deskundige verslae.
- (10) (a) Niemand mag, behalwe met verlof van die hof of die toestemming van al die partye, 'n plan, tekening, model of foto as getuienis aanbied nie tensy **[hy minstens minstens vyftien dae voor die verhoor]** die persoon hoogstens 60 dae voor die sluiting van pleitskukke 'n kennisgewing afgelewer het [dat hy] van voornemens om dit [wil] te doen, dat [hy dit] die plan, diagram, model of foto ter insae [aanbied] beskikbaar is en dat [hy] verlang word dat die party wat die kennisgewing ontvang, die bewysstuk binne [tien] 10 dae erken.
- (b) As die party wat die kennisgewing ontvang, versuim om binne die genoemde tyd so 'n erkenning te doen, word die plan, tekening, model of foto by blote voorlegging en sonder verdere bewys daarvan, in getuienis aanvaar. As so 'n party weier om te erken, kan die plan, tekening, model of foto by die verhoor bewys word en die party wat geweier het, kan beveel word om die koste van die bewys te betaal."

## Vervanging van reël 37 van die Reëls

5. Reël 37 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

### "37 Voorverhoorkonferensie

(1) 'n Party wat kennis ontvang van die verhoordatum van 'n aksie, moet, indien **[hy]** die party nog nie blootlegging ingevolge reël 35 gedoen het nie, binne 15 dae 'n beëdigde verklaring aflewer wat aan reël 35(2) voldoen.

(2)(a) In sake nie onderworpe aan regterlike saakbestuur soos beoog in reël 37A nie, moet 'n [Eiser] eiser wat die kennis beoog in subreël (1) ontvang, [moet] binne [vyf] 10 dae 'n kennisgewing aflewer waarin [hy] daardie eiser 'n datum, tyd en plek vir die hou van 'n voorverhoorkonferensie aanwys.

(b) Indien die eiser nie **[sy]** die eiser se verpligtinge ingevolge paragraaf (a) nagekom het nie, kan die verweerder sodanige kennisgewing binne 30 dae na die verstryking van die tydperk in daardie paragraaf vermeld, aflewer.

(3)(a) Die datum, tyd en plek van die voorverhoorkonferensie kan by ooreenkoms gewysig word: Met dien verstande dat die konferensie nie later nie as **[ses weke]** 30 dae voor die verhoordatum plaasvind.

(b) Indien die partye verskil oor die datum, tyd of plek van die **[konferensie]** voorverhoorkonferensie, moet dit aan die griffier vir **[sy]** beslissing voorgelê word.

(4) Nie later nie as 10 dae voor die voorverhoorkonferensiedatum moet elke party 'n lys aan elke ander party verskaf van—

(a) die erkennings wat **[hy]** daardie party verlang;

(b) die navrae wat **[hy]** daardie party gaan rig wat nie in 'n versoek om verhoorbesonderhede vervat is nie; en

(c) ander aspekte omtrent voorbereiding vir verhoor wat **[hy]** daardie party vir bespreking gaan opper.

(5) By die voorverhoorkonferensie moet die aangeleenthede in subreëls (4) en (6) genoem, behandel word.

(6) 'n Notule van die voorverhoorkonferensie moet opgestel en deur of namens elke party onderteken word, en daaruit moet die volgende blyk:

(a) Die datum, plek en duur van die konferensie, en die name van die aanwesige persone;

(b) indien enige party meen dat **[hy]** daardie party benadeel word deurdat 'n ander party nog nie aan die hofreëls voldoen het nie, die aard van sodanige nie-nakoming en benadeling;

(c) dat elke party wat regshulp eis, **[sy]** daardie party se teenparty versoek het om 'n skikkingsvoorstel te maak en dat die teenparty daarop gereageer het;

(d) of enige geskilpunt deur die partye verwys is na bemiddeling, arbitrasie of beslissing deur 'n derde party en **[op welke]** die grondslag waarop dit verwys is;

(e) of die saak na 'n ander hof oorgeplaas behoort te word;

(f) die geskilpunte wat ooreenkomstig reël 33(4) afsonderlik bereg behoort te word;

(g) die erkennings wat elke party maak;

(h) enige geskil oor die plig om te begin of oor die bewyslas;

(i) enige ooreenkoms betreffende die voorlegging van getuienis by wyse van beëdigde verklaring ingevolge reël 38(2);

(j) welke party vir die kopiëring en ander voorbereiding van dokumente verantwoordelik sal wees;

(k) welke dokumente of kopieë van dokumente sonder verdere bewys sal dien as bewys van wat dit voorgee om te wees, welke uittreksels bewys kan word sonder om die hele dokument te bewys of enige ander ooreenkoms omtrent bewys van dokumente.

(7) Die notule moet nie later nie as **[vyf weke]** 25 dae voor die verhoordatum by die griffier ingedien word.

(8)(a) 'n Regter wat nie die regter hoef te wees wat by die verhoor voorsit nie, kan, indien **[hy]** daardie regter dit wenslik ag, te enige tyd, op voorstel van 'n party of uit eie beweging, die partye se prokureurs of advokate oproep om 'n konferensie voor 'n regter in kamers te

hou of voort te sit, en kan gelas dat 'n party persoonlik by sodanige konferensie beskikbaar moet wees.

(b) Geen bepaling van hierdie reël word so uitgelê dat dit verg dat 'n regter voor wie 'n konferensie gehou word, by skikkingsbesprekings betrokke raak nie, en die inhoud van 'n reaksie op 'n versoek om 'n skikkingsvoorstel mag nie aan 'n regter bekendgemaak word nie behalwe as die regter en alle partye daartoe instem.

(c) By so 'n konferensie of na afloop daarvan kan 'n regter, met instemming van die partye en sonder 'n formele aansoek, enige aanwysing gee wat die effektiewe verloop van die verhoor kan bevorder, met insluiting van die verleen van kondonاسie ten aansien van hierdie of enige ander reël.

(d) Tensy die regter anders bepaal, moet die eiser 'n notule van die konferensie voor die regter opstel en dit in behoorlik ondertekende vorm binne vyf dae of die langer tydperk wat die regter bepaal, by die griffier indien.

(9)(a) By die verhoor moet die hof oorweeg of dit gepas is om 'n spesiale kostebevel teen 'n party of [sy] daardie party se prokureur te maak omdat [hy of sy] daardie party of die party se prokureur—

- (i) nie 'n voorverhoorkonferensie bygewoon het nie; of
- (ii) in 'n wesenlike mate versuim het om die effektiewe afhandeling van die litigasie te bevorder.

(b) Behalwe met betrekking tot 'n verskyning ingevolge subreël (8)(a) is geen advokaatsgelde op 'n party-en-party-basis verhaalbaar ten aansien van 'n voorverhoorkonferensie wat meer as 10 dae voor die verhoor plaasgevind het nie.

(10) 'n Regter in kamers kan sonder aanhoor van partye afwykings van die tydsbepalings van hierdie reël beveel.

(11) 'n Aanwysing wat kragtens hierdie reël voor die aanvang van die verhoor gemaak is, kan gewysig word."

## Invoeging van reël 37A in die Reëls

6. Die volgende reël word hierby na reël 37 in die Reëls ingevoeg:

### "37A Regterlike saakbestuur

(1) 'n Regterlike saakbestuursteisel is van toepassing, op enige stadium nadat 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig ingedien is—

- (a) op sodanige kategorieë van verdedigde aksies soos die regter-president van enige afdeling in 'n Praktyknota of Voorskrif kan vasstel; en
- (b) op enige ander verrigtinge waarin regterlike saakbestuur deur die regter-president, uit eie beweging, of op versoek van 'n party, gepas bepaal is.

(2) Saakbestuur deur regterlike ingryping—

- (a) word in die belang van geregtigheid gebruik om opeenhoping op oorvol verhoorrolle te verlig en om die probleme wat vertraging in die afhandeling van sake veroorsaak, op te los;
- (b) se aard en omvang sal aangevul word deur die tersaaklike voorskrifte of praktyke van die afdeling waarin die verrigtinge hangende is; en

- (c) word uitgelê en toegepas ooreenkomstig die beginsal dat, ondanks die bepalings hierin wat vir regterlike saakbestuur voorsiening maak, die hoofverantwoordelikheid om behoorlik voor te berei, aan alle hofreëls te voldoen, en professioneel op te tree om die saak vir verhoor en beregting te bevorder, by die partye en hul regsverteenwoordigers berus.
- (3) Die bepalings van reël 37 is nie van toepassing nie, behalwe tot die mate uitdruklik in hierdie reël voorsien, in aangeleenthede wat vir regterlike saakbestuur verwys word.
- (4) In alle aangeleenthede aangewys om aan regterlike saakbestuur onderworpe te wees ingevolge subreël (1)(a) op enige tydstip voor die sluiting van pleitstukke, kan die griffier—
- (a) nakomingsbriewe rig aan enige party wat versuim om aan die tydsbeperkings vir die indiening van pleitstukke of enige ander verrigtinge ingevolge die reëls te voldoen; en
- (b) in die geval van nie-voldoening aan die voorskrifte in 'n nakomingsbrief bepaal, 'n aangeleentheid na 'n saakbestuurregter deur die regter-president aangewys, verwys wat die bevoegdheid sal hê om die aangeleentheid ingevolge die praktykvoorskrifte van die betrokke afdeling te hanteer.
- (5)(a) Ondanks die toewysing van 'n verhoordatum, gaan 'n saak wat aan regterlike saakbestuur onderworpe is, nie na verhoor oor nie, tensy die saak deur 'n saakbestuurregter as verhoorgereed gesertifiseer is nadat 'n saakbestuurkonferensie gehou is, soos in subreël (7) voor voorsiening gemaak.
- (b) 'n Saakbestuurregter sertifiseer nie 'n saak as verhoorgereed nie tensy die regter oortuig is—
- (i) dat die saak verhoorgereed is, en in die besonder, dat alle geskilpunte wat sonder 'n verhoor opgelos kan word, hanteer is;
- (ii) dat die oorblywende geskilpunte wat verhoor staan te word, voldoende omskryf is;
- (iii) dat die vereistes van reëls 35 en 36(9) aan voldoen is indien dit van toepassing is; en
- (iv) dat enige potensiele oorsake van vertraging in die aanvang of voer van die verhoor sover prakties moontlik vooruitgeloop is.
- (c) 'n Saakbestuurregter kan voorskrifte beveel oor die doen van blootleggings waar die regter van oordeel is dat daardie voorskrifte die verhoorgereedheid van die saak kan bespoedig.
- (6) In elke verdedigde aksie in 'n kategorie saak wat ingevolge subreël (1)(a) as onderworpe aan regterlike saakbestuur geïdentifiseer is waarin enige party aansoek doen om 'n verhoordatum na aanleiding van die sluiting van pleitstukke, reik die griffier 'n kennisgewing elektronies aan die partye uit, by die adresse ingevolge reëls 17(3)(b) of 19(3)(a), verstrek ten opsigte van die hou van 'n saakbestuurkonferensie.
- (7) Die kennisgewing deur die griffier ingevolge subreël (6) verwittig die partye—
- (a) van die datum, tyd en plek van 'n saakbestuurkonferensie in die aangeleentheid waaroor 'n saakbestuurregter gaan voorsit;
- (b) van die naam van die saakbestuurregter, indien beskikbaar;



- (c) 'n voorverhoorvergadering voor die saakbestuurkonferensie moes hou waar die geskilpunte in subreël (1) geïdentifiseer in verband met die voer en verhoor van die aksie oorweeg moes gewees het; en
- (d) dat van die eiser vereis word om, minstens twee dae voor die tyd vir die saakbestuurkonferensie aangewys—
- (i) te versker dat die hofleër gepas georden, gebind, gepagineer en van 'n indeks voorsien is; en
- (ii) lewer 'n ooreengekome notule van die verrigtinge by die vergadering ingevolge paragraaf (c) gehou, so nie, indien die partye nie oor die inhoud van die notule ooreengekom het nie, 'n notule onderteken deur die party wat die dokument indien, vergesel van 'n verduideliking waarom 'n ooreenkoms oor die inhoud daarvan nie bereik is nie.
- (8) Die notule in subreël (7)(d)(ii) bedoel spesifiseer die partye se ooreenkoms of onderskeie posisies oor elk van die geskilpunte in subreël (10) geïdentifiseer en, vir sover verdere stappe gedoen moet word om die aangeleentheid verhoorgereed te maak, hulle uitdruklik indentifiseer en 'n tydrooster opstel waarvolgens die partye voorstel, op 'n onderling bindende grondslag, dat sodanige verdere stappe gedoen sal word.
- (9)(a) Benewens die notule in subreël (7)(d)(ii) bedoel, moet die partye 'n breedvoerige verklaring aflê oor geskilpunte—
- (i) wat die geskilpunte in die saak moet aandui wat nie betwis word nie; en
- (ii) wat die geskilpunte in die saak moet aandui wat betwis word, wat die aard van die geskil beskryf en die partye se onderskeie argumente ten opsigte van elke geskilpunt uiteensit.
- (b) 'n Saakbestuurregter kan, by die oorweging van die verklaring deur die partye in paragraaf (a) bedoel, beveel dat verskyning deur een of al die party van afgesien word.
- (10) Die aangeleenthede wat die partye moet hanteer by die voorverhoorvergadering wat ingevolge subreël (7) gehou moet word, is soos volg:
- (a) Die aangeleenthede in reëls 35, 36 en 37(6) uiteengesit;
- (b) die versoek van toelatings en die doen van navrae van en by die partye met die oog op die beperking van die geskilpunte of die vermindering van die nodigheid vir mondelinge getuienis;
- (c) tydperke waarbinne die partye voorstel dat enige aangeleenthede wat uitstaande is ten einde die saak tot verhoorgereedheid te bring, onderneem sal word;
- (d) behoudens reël 36(9), opdrag aan getuies om deskundige getuienis te lewer en die haalbaarheid en redelikheid in die omstandighede van die saak dat 'n enkele gesamentlike deskundige ten opsigte van enige geskilpunt deur die partye aangestel word;
- (e) die identiteit van die getuies wat hulle voornemens is om te roep en, in breë trekke, die aard van die getuienis wat deur elke sodanige getuie gegee staan te word;
- (f) die moontlikheid dat die aangeleentheid ingevolge artikel 38 van die Wet na 'n skeidsregter verwys kan word;
- (g) die blootlegging van elektroniese dokumente in die besit van 'n bediener of ander bergingstoestel;
- (h) die afneem van getuienis per videokonferensie;

(j) gepaste verhoordatum en die geraamde duur van die verhoor; en  
(j) enige ander aangeleentheid ter sake tot die bespoediging van die verhoorgereedheid van die saak.

(11) Sonder beperking van die bestek van regterlike betrokkenheid by 'n saakbestuurkonferensie, moet die saakbestuurregter—

- (a) skikking, oor al of sommige van die geskilpunte, ondersoek, met ingebrip van, indien gepas, om navraag te doen of die partye vrywillige bemiddeling oorweeg het;
- (b) poog om ooreenkoms te bevorder om die getal getuies te beperk wat by die verhoor geroep sal word, ten einde sinnelose herhaling of getuienis wat feite dek wat reeds erken is, uit te skakel; en
- (c) die geskilpunte wat in die aksie aangehoor staan te word, identifiseer en aanteken.

(12) Die saakbestuurregter kan by 'n saakbestuurkonferensie—

- (a) sertifiseer dat die saak verhoorgereed is;
- (b) sertifisering weier;
- (c) die partye op sodanige terme plaas wat gepas is om verhoorgereedheid te bepaal, en gelas dat hulle by 'n verdere saakbestuurkonferensie op 'n vasgestelde datum by die saakbestuurregter rapporteer;
- (d) die aangeleentheid van die saakbestuurrol skrap en gelas dat dit slegs op die rol teruggeplaas word nadat enige nie-nakoming aan die reëls of saakbestuurvoorskrifte goedgemaak is;
- (e) voorskrifte gee vir die verhoor van bestrede tussentydse aansoeke deur kamerhof op 'n bespoedigde grondslag;
- (f) verdeling van geskilpunte in gepaste sake beveel, ongeag of die partye daartoe toegestem het;
- (g) by die afhandeling van 'n saakbestuurkonferensie, die besluite aanteken en, indien geskik geag, die eiser gelas om 'n notule daarvan in te dien;
- (h) enige bevel gee oor koste, met inbegrip van 'n bevel *de bonis propriis* teen die partye se regsverteenvoerders of enige ander persoon wie se gedrag onredelik bygedra het tot die kortwiek van die oogmerke van die regterlike saakbestuurproses.

(13) Die oorkonde van die saakbestuurkonferensie, met inbegrip van die notule deur die partye by die saakbestuurregter ingedien, enige voorskrifte deur die regter uitgereik en die regter se rekord van die geskilpunte wat in die aksie aangehoor staan te word, maar met uitsondering van enige skikkingsbesprekings en aanbiedinge, word ingesluit in die hoflêer wat aan die verhoorregter voorgelê gaan word.

(14) Die verhoorregter is geregtig om die dokumente in subreël 13 bedoel, in ag te neem met betrekking tot die voer van die verhoor, met inbegrip van die bepaling van enige aansoeke om uitstel en kwessies van koste.

(15) Tensy die partye skriftelik daartoe instem, is die saakbestuurregter en die verhoorregter nie dieselfde persoon nie.

(16) Enige versuim deur 'n party om te voldoen aan die beginsels en vereistes van hierdie reël, kan gestraf word by wyse van 'n ongunstige kostebevel."

**Wysiging van reël 68 van die Reëls****7. Reël 68 van die Reëls word hierby gewysig—**

(a) deur item 5(c) van die Tarief deur die volgende item te vervang:

“(c) teen onroerende goed—	
(i) vir tenuitvoerlegging, insluitende betekening van kennisgewing van beslaglegging aan die eienaar van die onroerende goed en die registrateur van aktes of ander beamppte belas met registrasie van sodanige goed, en as die onroerende goed deur iemand anders as die eienaar geokkupeer word, ook aan die okkupant	186,00
(ii) vir kennisgewing van beslaglegging aan 'n enkele huurder of okkupant (identiese kennisgewings waar daar meer as een huurder, okkupant of eienaar is, vir elkeen na die eerste)	17,50 5,50
(iii) vir waardasie of verslag vir die doel van 'n verkoping, per [uur] <u>halfuur</u> of gedeelte daarvan.	[93,50] 47,00
(iv) waar—	
(aa) waar 'n balju gemagtig is om eiendom te verkoop en die eiendom nie verkoop nie, omdat die beslaglegging teruggetrek, opgeskort, gestaak of gestuit word [, <b>afgesien van die bedrag van die lasbrief</b> ], en al die nodige kennisgewing van terugtrekking <u>of opskorting</u> van die beslaglegging	186,00 186,00
(bb) <u>geregtelike beslaglegging op onroerende goed opgehef word</u>	
(v) vir die vasstelling en aantekening van watter verband of ander beswarings teen die eiendom geregistreer is, asook die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is, insluitende enige briefwisseling in verband daarmee (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan)	93,50
(vi) om die vonnisskuldeiser in kennis te stel van sodanige verbande of beswarings en van die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is	17,50
(vii) vir oorweging van bewys dat 'n preferente skuldeiser aan die vereistes van reël 46(5)(a) voldoen	10,00
(viii) vir die kennisgewing in reël 46(6) bedoel	17,50
(ix) vir oorweging van kennisgewing van verkoping wat deur die vonnisskuldeiser in oorleg met die balju opgestel word; en	
(x) vir die nagaan van aangeduide koerante en die <i>Staatskoerant</i> om seker te	<u>93,50</u>

maak dat kennisgewing van verkoping geplaas is, <u>insluitende geld van (ix) en (x) [;en]</u>	
(xi) vir die stuur van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping aan elke vonnisskuldeiser wat op die onroerende goed beslag laat lê het en aan elke verbandhouer wie se adres bekend is, vir elke eksemplaar <u>[ insluitende geld van (ix), (x), en (xi)]</u>	[93,50] <u>17,50</u>
(xii) vir die aanbring van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping op die kennisgewingbord van die landdroshof bedoel in reël 46(7)(e) en op of so na moontlik aan die plek waar die verkoping sal plaasvind, 'n allesinsluitende bedrag van <u>R40,00 en reiskoste in item 3 bedoel</u>	[33,50]
(xiii) vir—	
(aa) <u>oorweging van die verkoopvoorwaardes deur die uitwinnende skuldeiser voorberei</u>	[78,50] <u>93,50</u>
(bb) <u>oorweging van verdere of gewysigde verkoopvoorwaardes deur 'n belanghebbende party voorberei</u>	<u>93,50</u> <u>93,50</u>
(cc) <u>skikking van verkoopsvoorwaardes</u>	
(dd) <u>alle nodige bywoning by wet voorgeskryf in verband met vendusies, in die besonder die 'Consumer Protection Act', 2008 (Wet No. 68 van 2008)</u>	<u>280,50</u>
(ee) <u>die voer van 'n vendusie, met die uitsondering dat hierdie geld nie gehef mag word nie indien kommissie ingevolge item (xiv) geëis word nie</u>	<u>186,00</u>
(xiv) by die verkoop van onroerende goed deur die balju as afslaer, 6 persent op die eerste R100 000.00, en 3.5 persent op R100 001.00 tot R400 000.00 en 1.5 persent op die balans van die opbrengs van die verkoping, onderhewig aan 'n maksimum kommissie van R40 000.00 in totaal en 'n minimum van R3 000.00 (insluitende in alle gevalle die balju se bankkoste en ander uitgawes aangegaan om die opbrengs in sy of haar trustrekening in te betaal), welke kommissie deur die koper betaalbaar is;	
(xv) vir—	
(aa) <u>skriftelike kennisgewing aan die koper wat versuim het om aan die verkoopsvoorwaardes te voldoen</u>	<u>47,00</u>
(bb) 'n verslag in reël 46(11) bedoel	<u>47,00</u>
(cc) <u>verwittiging van vonnisskuldenaar van die intrekking in reël 46(11)(a)(iii) bedoel</u>	<u>17,50</u>
(dd) <u>kennisgewing in reël 46(11)(c) bedoel</u>	<u>17,50</u>
(xvi) vir die gee van transport aan die koper	<u>23,00</u>

(xvii) vir— <u>(aa) ontvangs van sertifikaat in reël 46(14)(a) bedoel</u>	17,50
<u>(bb) vir die opstel van 'n distribusieplan van die opbrengs (insluitende die nodige afskrifte) en afsending van 'n afskrif aan die griffier</u>	93,50
(xviii) vir kennisgewing aan alle partye wat lasbriewe ingedien het en aan die vonnisskuldenaar dat die distribusieplan ter insae sal lê, vir elke kennisgewing	17,50
(xix) <b>[vir versoek aan 'n landdros om ooreenkomstig die distribusieplan uit te betaal] vir die verslag in reël 46A(9)(d) bedoel</b>	<b>[10,00] 47,00"</b>

(b) deur die volgende item ná item 16 van die Tarief in te voeg:

<p><u>"17 (a) Waar die lasgewer die balju skriftelik opdrag gee om 'n dokument in item 2 of 5 bedoel dringend of na-ure te beteken of ten uitvoer te lê, hef die balju 'n bykomende tarief, ongeag of die betekening of tenuitvoerlegging suksesvol was, en sodanige bykomende gelde word deur die lasgewer betaal, behalwe waar die hof anders gelas.</u></p> <p>(b) By die toepassing van paragraaf (a) beteken—</p> <p>(i) <u>"dringend" op dieselfde dag of binne vier-en-twingig-uur van die skriftelike opdrag; en</u></p> <p>(ii) <u>"na-ure" enige tyd—</u></p> <p>(aa) <u>voor 7h00 of ná 19h00 van Maandae tot Vrydae;</u></p> <p><u>of</u></p> <p>(bb) <u>op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag."</u></p>	165,00
---	--------

### Herroeping van Vorms 4, 5 en 6 van die Eerste Bylae

8. "Vorms 4, 5 en 6 van die Eerste Bylae tot die Reëls word hierby herroep."

### Inwerkingtreding

9. Hierdie Reëls tree in werking op 1 JULIE 2019.

**WET OP REËLSRAAD VIR GEREESHOWE, 1985 (WET NO. 107 VAN 1985)**  
**WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VOER VAN VERRIGTINGE VAN DIE**  
**LANDDROSHOWE VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD**

Die Reëlsraad vir Gereeshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Gereeshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, die reëls in hierdie Bylae gemaak.

**BYLAE**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde of uitdrukkings in vet druk in vierkantige hakies dui weglatings uit bestaande reëls aan.

\_\_\_\_\_ Woorde of uitdrukkings met 'n volstreep daaronder dui invoegings in die bestaande reëls aan.

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Reëls" die Reëls waarby die voer van die verrigtinge van die Landdroshowe van Suid-Afrika gereël word, afgekondig in Goewermentskennisgewing No. R. 740 van 23 Augustus 2010, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No's. R. 1222 van 24 Desember 2010, R. 611 van 29 Julie 2011, R. 1085 van 30 Desember 2011, R. 685 van 31 Augustus 2012, R. 115 van 15 Februarie 2013, R. 263 van 12 April 2013, R. 760 van 11 Oktober 2013, R. 183 van 18 Maart 2014, R. 215 van 28 Maart 2014 en R. 507 van 27 Junie 2014, R. 5 van 9 Januarie 2015, R. 32 van 23 Januarie 2015, R. 33 van 23 Januarie 2015, R. 318 van 17 April 2015, R. 545 van 30 Junie 2015, R. 2 van 19 Februarie 2016, R. 1055 van 29 September 2017, R. 1272 van 17 November 2017, R. 632 van 22 Junie 2018 en R1318 van 30 November 2018.

**Vervanging van reël 9(3) van die Reëls**

2. Reël 9(3) van die Reëls word hierby deur die volgende Reël vervang:

"(3) Alle prosesstukke word, behoudens die bepalings van hierdie reël, aan die persoon daardeur geraak beteken deur aflewering van 'n kopie daarvan op een of ander van die volgende wyses:

- (a) Aan die genoemde persoon of **[sy of haar]** daardie persoon se behoorlik gemagtigde agent: Met dien verstande dat waar die persoon 'n minderjarige of 'n persoon wat handelingsonbevoegd is, betekening aan die voog, tutor, kurator of dergelike persoon van die minderjarige of handelingsonbevoegde persoon gedoen word;
- (b) by die woning of sakeplek van die genoemde persoon, voog, tutor, kurator of dergelike persoon aan 'n persoon wat skynbaar nie jonger as 16 jaar is nie en skynbaar daar woon of werk: Met dien verstande dat, by die toepassing van hierdie paragraaf, wanneer 'n gebou, behalwe 'n hotel, losieshuis, koshuis of soortgelyke residensiële gebou, deur meer as een persoon of familie

geokkupeer word, beteken 'woning' of 'sakeplek' daardie gedeelte van die gebou geokkupeer deur die persoon aan wie betekening gedoen staan te word;

- (c) by die werksplek van die genoemde persoon, voog, tutor, kurator of 'n dergelike persoon aan 'n persoon wat skynbaar nie jonger as 16 jaar oud is nie en skynbaar gesag oor **[hom of haar]** daardie persoon het of, by ontstentenis aan 'n gesagsdraer, aan 'n persoon wat skynbaar nie jonger as 16 jaar oud is nie en skynbaar in beheer is by **[sy of haar]** daardie persoon se werksplek;
- (d) indien die persoon wat aldus beteken staan te word 'n *domicilium citandi* gekies het, deur 'n afskrif daarvan by die aldus gekose *domicilium* af te lewer **[of te los]**: Met dien verstande dat die balju in die relaas van betekening die besonderhede van die wyse en omstandighede waaronder daardie betekening gedoen is, moet weergee;
- (e) in die geval van 'n korporasie of maatskappy, deur 'n afskrif aan 'n verantwoordelike werknemer daarvan by daardie korporasie of maatskappy se geregistreerde kantoor of hoofsakeplek binne die hof se regsgebied te lewer, of waar geen sodanige werknemer bereid is om betekening te aanvaar nie, deur 'n afskrif aan die voordeur van daardie kantoor of sakeplek aan te bring, of op enige wyse deur die wet bepaal;
- (f) indien die eiser of sy of haar gemagtigde agent skriftelik instruksies aan die balju gegee het om per geregistreerde pos te beteken, word die prosesstuk aldus beteken: Met dien verstande dat 'n skuldberader wat 'n verwysing na die hof doen ingevolge artikel 86(7)(c) of 86(8)(b) van die 'National Credit Act, 2005' die verwysing per geregistreerde pos of per hand mag laat aflewer;
- (g) in verrigtinge waarin die Staat of 'n Staatsorgaan, 'n Minister, adjunkminister, 'n premier of 'n lid van 'n uitvoerende raad, in daardie persoon se amptelike hoedanigheid, die verweerder of respondent is, word die dagvaarding of kennisgewing waarby die verrigtinge ingestel word, beteken ooreenkomstig die bepalinge van enige wet wat verrigtinge teen en betekening van dokumente aan die Staat of staatsorgaan, 'n Minister, 'n adjunkminister, 'n premier of 'n lid van 'n uitvoerende raad reël;
- (h) aan enige agent of prokureur met behoorlike skriftelike magtiging om betekening te aanvaar namens die persoon aan wie betekening gedoen staan te word op enige toepaslike wyse in hierdie reël voorgeskryf;
- (i) waar betekening aan 'n plaaslike owerheid of statutêre liggaam moet geskied, aan die stadsklerk of assistentstadsklerk of burgemeester van daardie plaaslike owerheid of die sekretaresse of soortgelyke beampte of lid van die raad of komitee van die liggaam, of op enige wyse by wet voorgeskryf; of
- (j) waar die persoon wat beteken staan te word met enige dokument wat aansoekprosedures inisieer reeds deur 'n prokureur in die saak

verteenwoordig word mag die dokument aan die prokureur beteken word deur die party wat die prosedures inisieer:

Met dien verstande dat waar [die] betekening gedoen is op die wyse in paragrawe (b), (c), (e) of (g) voorgeskryf, moet die balju in die relaas van die prosesstuk die naam van die persoon aan wie dit afgelewer is en daardie persoon se hoedanigheid teenoor die persoon, korporasie, maatskappy, regspersoon of instelling deur die prosesstuk geraak, aandui; [en waar die betekening gedoen is op die wyse in paragrawe (b), (c), (d) of (f) voorgeskryf, kan die hof, indien daar rede is om te twyfel of die betekende prosesstuk werklik onder die aandag van die persoon wat beteken moes word, gekom het, daardie betekening as ongeldig beskou] Met die verstande verder dat wanneer die hof ook al nie tevrede is met die doeltreffendheid van die betekening nie, die hof kan beveel dat sodanige stappe wat die hof gepas ag, gedoen word. Met dien verstande verder dat betekening van enige prosesstuk waardeur 'n egskeidingsaksie of aksie vir nietigverklaring van 'n huwelik ingestel word, slegs persoonlik deur die balju aan die verweerder gedoen moet word."

### Vervanging van reël 19 van Reëls

3. Reël 19 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"(1) (a) Waar 'n pleitstuk vaag en verwarrend is of beweringe mis wat nodig is om die aksie of verweer te staaf, moet die teenparty wat voornemens is om eksepsie te neem, in die tyd wat vir die indiening van 'n daaropvolgende pleitstuk toegelaat word, 'n eksepsie daarteen aflewer, soos in paragrawe (b) en (c) bepaal.

(b) 'n Party wat voornemens is om eksepsie te neem moet, by kennisgewing, binne 10 dae vanaf ontvangs van die pleitstuk, die party wat die pleitstuk aflewer 'n geleentheid gun om die klagosaak binne 15 dae sedert die kennisgewing te verwyder.

(c) 'n Party wat voornemens is om eksepsie te neem, moet die eksepsie, binne 10 dae vanaf die datum waarop 'n antwoord op die kennisgewing ontvang is of vanaf die keerdatum vir die antwoord, aflewer.

(d) Die eksepsie kan ingevolge reël 55 vir verhoor ter rolle geplaas word binne 10 dae ná aflewering daarvan, by versuim waarvan die eksepsie sal verstryk.

(2) As 'n pleitstuk aanstootlike, kwelsugtige of irrelevante beweringe bevat, kan die teenparty binne die tyd wat vir die indiening van 'n daaropvolgende pleitstuk toegelaat word, deurhaling aanvra en sy aansoek ingevolge reël 55 vir verhoor ter rolle plaas binne 10 dae vanaf verstryking van die tydsbeperking vir die aflewering van 'n antwoordverklaring of, indien 'n antwoordverklaring afgelewer word, binne vyf dae ná die aflewering van 'n antwoordverklaring of verstryking van die tydsbeperking vir aflewering van 'n antwoordverklaring: Met dien verstande dat—



(a) die party wat voornemens is om aansoek om deurhaling te doen, by kennisgewing afgelewer binne 10 dae vanaf ontvangs van die pleitstuk, die party wat die pleitstuk aflewer 'n geleentheid moet gun om die klagootsaak binne 15 dae ná aflewering van die kennisgewing van voornemens om deur te haal, te verwyder; en

(b) die hof die aansoek alleen mag toestaan as die hof meen dat die applikant in die voer van enige saak of verweer benadeel sal word indien die aansoek nie toegestaan word nie.

(3) Waar teen 'n pleitstuk eksepsie geneem word, moet die gronde vir die eksepsie duidelik en saaklik uiteengesit word.

(4) Waar enige eksepsie teen enige pleitstuk of 'n aansoek om deurhaling geneem word, is geen pleit, herhaling of oorpleit nodig nie."

#### **Wysiging van reël 55 van die Reëls**

4. Reël 55 van die Reëls word hierby gewysig:

(a) deur subparagraaf (iii) in paragraaf (e) van subreël (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(iii) 'n keerdatum, nie minder as vyf dae [na] ná betekening daarvan aan die respondent, **[vir skriftelike kennisgewing deur daardie respondent aan die aansoeker]** op of voor welke dag die respondent die applikant skriftelik in kennis moet stel hetsy hy of sy voornemens is om daardie aansoek te opponeer, en stel dat indien geen sodanige kennisgewing gegee word nie, die aansoek ter rolle geplaas sal word vir beregting op 'n spesifieke dag, hoogstens 10 dae [na] ná betekening van die kennisgewing aan die respondent.";

(b) deur paragraaf (f) van subreël (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(f) Indien die respondent, voor of op die dag in die kennisgewing van mosie vir daardie doel vermeld, nie die aansoeker in kennis stel van sy of haar voorneme om **[teen te staan]** te opponeer nie, kan die aansoeker die aangeleentheid ter rolle plaas om aangehoor te word deur die griffier of klerk van die hof kennis te gee vyf dae voor die dag waarop die aansoek aangehoor staan te word.";

(c) deur die woorde wat subparagraaf (i) van paragraaf (g) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(g) Enige party wat die toestaan van 'n bevel wat in 'n kennisgewing van mosie gevra word, opponeer, [versoek dat 'n bevel toegestaan word] moet—";

(d) deur subparagraaf (i) van paragraaf (g) van subreël (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) binne die tydperk in die kennisgewing gestel, die aansoeker skriftelik in kennis stel dat hy of sy voornemens is om die aansoek teen te staan, en in daardie kennisgewing ’n adres verstrek wat, in plekke waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier of klerk van die hof moet wees, waar hy of sy kennisgewing en betekening van alle dokumente sal aanvaar, asook daardie party se posadres, faksnommer of e-posadres, waar beskikbaar.”;

(e) deur subparagraaf (i) van paragraaf (h) van subreël (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(h) (i) [Na] Ná ontvangs van ’n kennisgewing van voorneme om te opponer, moet die aansoeker onverwyld die oorspronklike kennisgewing van mosie plus aanhangsels daarby en, waar van toepassing, die relaas, by die die griffier of klerk van die hof indien.”;

(f) deur subparagraawe (i) en (ii) van paragraaf (j) van subreël (1) deur die volgende subparagraawe te vervang:

“(j) (i) Waar geen antwoordverklaring, of kennisgewing ingevolge paragraaf (g)(iii), binne die tydperk in paragraaf (g)(ii) bedoel, gelewer word nie, kan die aansoeker binne vyf dae van die verstryking daarvan by die griffier of klerk van die hof aansoek doen om ’n datum vir die beregting van die aansoek toe te [wys] ken.

(ii) Waar ’n antwoordverklaring gelewer word, kan die aansoeker aansoek doen om ’n toewysing van die datum vir die beregting van die aansoek binne vyf dae vanaf die lewering van sy of haar antwoordverklaring of indien geen antwoordverklaring gelewer word nie, binne vyf dae vanaf die verstryking van die tydperk in paragraaf (h) bedoel en waar daardie kennisgewing gelewer word kan die aansoeker binne vyf dae [na] vanaf lewering van daardie kennisgewing om daardie toewysing aansoek doen.”;

(g) deur subparagraaf (iv) van paragraaf (j) van subreël (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(iv) Skriftelike kennisgewing van die datum deur die griffier of klerk van die hof toegewys, moet deur die aansoeker of respondent, na gelang van die geval, aan die teenoorgestelde party gelewer word minstens 10 dae voor die datum vir die beregting toegeken.”;

(h) deur paragraaf (b) van subreël (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Die tydperke voorgeskryf ten opsigte van aansoeke is [*mutatis mutandis*] met gepaste veranderinge van toepassing op teenaansoeke: Met dien verstande dat die hof by die aanvoer van goeie gronde die beregting van die aansoek kan uitstel.”;

(i) deur die woorde wat subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subreël (3) deur die volgende woorde te vervang:

“(3) (a) Geen aansoek waarin regshulp teen ’n ander party geëis word, **[word]** moet ex parte beskou word nie, tensy die hof oortuig is dat—”;

(j) deur paragrawe (b); (c); (e); en (f) van subreël (3) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(b) Die kennisgewing van mosie in elke aansoek wat *ex parte* gedoen word, moet wesenlik **[bewoord wees soos]** ooreenstem met Vorm 1 van aanhangsel 1.

(c) Enige bevel op ’n *ex parte*-grondslag teen ’n party gegee **[is]** moet van ’n tussentydse aard wees en **[doen]** moet ’n beroep doen op die party teen wie dit gemaak word om op ’n vermelde keurdatum voor die hof te verskyn om gronde te gee waarom die bevel nie bevestig moet word nie.

(e) ’n Afskrif van ’n bevel wat *ex parte* gegee is en van die beëdigde verklaring, indien enige, waarop dit gegee is, **[word]** moet aan die respondent daarop beteken word.

(f) Waar goeie gronde aangevoer word teen ’n bevel wat *ex parte* teen ’n party gegee is, kan die hof beveel dat die aansoeker of respondent of die deponent van enige beëdigde verklaring waarop dit gegee is vir ondervraging of kruisondervraging voor die hof verskyn.”;

(k) deur paragraaf (a) van subreël (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(5) (a) ’n Hof, indien oortuig dat ’n aangeleentheid dringend is, kan ’n bevel gee wat wegdoen met die vorms en betekening waarvoor hierdie **[Reëls]** reëls voorsiening maak en kan die aangeleentheid afhandel op die tyd en plek en ooreenkomstig die prosedure (wat sover moontlik ingevolge hierdie **[Reëls]** reëls moet wees) wat die hof gepas ag.”;

(l) deur subreël (6) deur die volgende subreël te vervang:

“(6) In enige aansoek teen **[enige Minister, adjunkminister, provinsiale premier, beampte of amptenaar van die Staat, in sy of haar hoedanigheid as sodanig, die Staat of die administrasie van enige provinsie]** die Staat of ’n staatsorgaan, ’n minister, adjunkminister, premier, lid van die uitvoerende raad, of amptenaar in die staatsdiens aangestel, in daardie persoon se amptelike

hoedanigheid, moet die tersaaklike tydperke in subreël (1)(e) bedoel, of vir die keerdatum van 'n bevel nisi, minstens 15 dae [na] ná die betekening van die kennisgewing van mosie, of die bevel nisi, na gelang van die geval, wees tensy die hof spesiaal 'n korter tydperk gemagtig het.”;

(m) deur subreël (8) deur die volgende subreël te vervang:

“(8) (a) Die notule van enige bevel benodig vir betekening of tenuitvoerlegging **[word] moet** opgestel word deur die party wat daarop geregtig is en **[word] moet** goedgekeur en onderteken word deur die griffier of klerk van die hof.

(b) Die afskrifte van die notule vir rekord en betekening in paragraaf (a) bedoel, **[word] moet** gemaak word deur die party in daardie paragraaf aangedui en die afskrif vir rekord **[word] moet** deur die griffier of klerk van die hof onderteken word.

(c) Reëls 41 en 42, vir sover dit nodig mag wees in die tenuitvoerlegging van 'n bevel kragtens hierdie reël, is **[mutatis mutandis]** met die nodige veranderinge van toepassing op sodanige tenuitvoerlegging.”;

(n) deur paragraaf (b) van subreël (9) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Die hof **[staan] mag** nie die aansoek bedoel in paragraaf (a) **[toe] toestaan** nie, tensy die hof oortuig is dat die aansoeker **[in sy of haar saak]** benadeel sal word indien die aansoek nie toegestaan word nie.”;

(o) deur subreël (10) deur die volgende subreël te vervang:

“(10) **[Reëls]** Die bepalings van reëls 28 en 28A is ewe veel op alle aansoeke van toepassing.”;

(p) deur die volgende subreël in te voeg:

“(11) Die dae van 21 Desember tot 7 Januarie, beide ingesluit, moet nie getel word in die tyd toegelaat vir aflewering van enige kennisgewing of beëdigde verklaring in hierdie reël beoog nie. Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subreël nie op aansoeke kragtens subreël (5) of reël 58 gebring, van toepassing is nie.”

### Invoeging van Deel I van Tabel A van Bylae 2 tot die Reëls

5. Deel I van Tabel A van Bylae 2 tot die Reëls word hierby, in die Afrikaanse teks ingevoeg:

(1) Wanneer die bedrag in geskil minder as of gelyk aan R7 000 is, word koste getakseer op Skaal A, wanneer die bedrag in geskil meer as R7 000 is, maar minder of gelyk aan R50 000, word koste op Skaal B getakseer; wanneer die bedrag in geskil R50 000

oorskry, maar minder as of gelyk is aan die maksimum juridiksionele bedrag van tyd tot tyd deur die Minister vasgestel ten opsigte van landdroshoue vir distrikte, word koste op Skaal C getakseer; wanneer die bedrag in geskil die maksimum juridiksionele bedrag aldus deur die Minister bepaal ten opsigte van landdroshoue vir distrikte oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof uitgereik vir 'n streekafdeling of wanneer die aangeleentheid handel oor 'n skuldoorsaak ingevolge artikel 29(1B)(a) van die Wet, word die koste op Skaal D getakseer.

(2) (a) Vir die doeleindes van berekening van koste, beteken die uitdrukking 'bedrag in geskil', waar koste aan die eiser toegeken word, die bedrag of waarde van die vonnis en 'bedrag of waarde van die vonnis' beteken, waar meer as een eis in die aksie betrokke is, die totaal van die bedrae in die vonnis betrokke. Waar koste aan die verweerder toegestaan word, beteken die uitdrukking 'bedrag in geskil', waar meer as een eis in die aksie betrokke is, die totaal van die bedrae van al die eise. Die bedrag of waarde van die vonnis of eis sluit rente in maar sluit koste uit. Indien 'n aangeleentheid te eniger tyd geskik word, word koste getakseer op die skaal in die skikking voorgeskryf.

(b) Waar die bedrag in geskil nie uit verrigtinge ooglopend is nie en—

(i) die aangeleentheid word in die Landdroshof vir 'n Distrik ingestel, word die koste op Skaal C bereken; of

(ii) die aangeleentheid word in die Streekhof vir 'n Streekafdeling ingestel, word die koste op Skaal D bereken,

tensy die hof anders gelas.

(3) Koste takseerbaar ingevolge reël 33(19) word geag kragtens 'n vonnis vir die bedrag aangebied of 'n vonnis ingevolge die skikking, na gelang van die geval, toegestaan te wees.

(4) Eise vir uitsetting word bereken teen twee maande huur van die perseel.

(5) Die koers waarteen koste bereken word, word nie verhoog omrede enige eis vir bevestiging van enige interdik of tussentydse bevel nie.

(6) Gelde vir regsadviseurs word by taksasie toegelaat slegs in gevalle wat onder skaal B, C of D val of waar die hof 'n bevel ingevolge reël 33(8) gegee het.

(7) Waar die bedrag wat vir 'n item toegelaat word gespesifiseer is, sluit die bedrag alle nodige afskrifte, bywonings en betekenings (behalwe betekenings deur die balju vir die Landdroshof) in verband daarmee in, behalwe dat 'n heffing van R27,00 per dokument toegelaat sal word vir die indiening van dokumente by die hof.

(8) Waar die bedrag vir 'n item toegelaat oningevul gelaat word—

- (a) word die opstel van dokumente (nie pleitstukke nie) toegelaat teen R27,00 vir elke folio;
- (b) afskrifte vir liassering, betekening en 'n prokureur se afskrif om te hou word ook toegelaat;
- (c) R27,00 word toegelaat vir elke nodige betekening;
- (d) R27,00 per dokument word toegelaat vir die nodige indiening van dokumente by die hof.
- (9) (a) Waar enige dokument vir die hof blyk onnodige omslagtigheid te wees, kan die hof die geheel of enige deel van die gelde daarvoor weier.
- (b) Waar gedrukte vorms van dokumente waarvan afskrifte gemaak moet word, beskikbaar is, word die gelde vir afskrifte beperk tot die nodige besonderhede in daardie gedrukte vorms ingevoeg.
- (10) (a) 'n Folio bestaan uit 100 skriftelike of gedrukte woorde of syfers of deel daarvan.
- (b) Vier syfers word as een woord bereken.
- (11) (a) Tensy anders bepaal, word 'n heffing vir deurlesing toegelaat teen R10,00 per folio ten opsigte van enige dokument of pleitstuk wat noodsaaklikerwys deurgelees is.
- (b) Waar 'n heffing toegelaat word vir die maak van afskrifte, word dit toegelaat teen R4,00 per bladsy, ongeag die getal woorde, tensy anders bepaal.
- (12) Waar daar meer as een verweerder is, word R17,00 bygevoeg ten opsigte van elke bykomende verweerder vir elk van items 2 en 3 van Deel I en items 2 en 7 van Deel III.
- (13) Waar die vonnis skuld ingevolge die vonnis of 'n ooreenkoms in paaierement betaalbaar is, word 'n geld van 10% op elke paaierement ingevorder ter delging van die kapitaal, koste en rente, toegelaat, behoudens 'n maksimum van R411,00 op elke paaierement. Geen bykomende geld word gehef vir enige bywoning in verband met die ontvangs of betaling van enige paaierement nie.
- (14) Die klerk of griffier van die hof keur by taksering enige heffing wat onnodig aangegaan is, af.
- (15) Waar die geld kragtens enige item op grond van tyd bereken word, word die totale tyd op enige een dag spandeer bereken en die geld vir daardie dag word op daardie totaal bereken.

(16) Enige bedrag noodsaaklikerwys en werklik spandeer in die opspoor van die skuldenaar word toegelaat benewens die gelde in hierdie tarief uiteengesit.

(17) Item 10A en 14A van Deel III in die tarief tot Tabel A is ook van toepassing op Deel IV van die tarief by Tabel A.”

### Wysiging van Deel III van Tabel A van Bylae 2 tot die Reëls

6. Deel III van Tabel A van Bylae 2 tot die Reëls word hierby gewysig–

(a) deur na item 10 van die aangehegde tarief die volgende item in te voeg:

“10A Paginerings en indekserings van pleitsukke per kwartier of deel daarvan:	R108,00	R108,00	R131,50	R171,00”
---	---------	---------	---------	----------

(b) deur die volgende item na item 14 van die aangehegde tarief in te voeg:

“14A Opstel van betooghoofde per kwartier of deel daarvan:	R160,50	R160,50	R202,50	R261,00”
--	---------	---------	---------	----------

### Wysiging van Deel IV van Tabel A van Bylae 2 tot die Reëls

7. Item 21 van Deel IV van Tabel A van Bylae 2 van die Engelse teks van die Reëls word hierby gewysig deur die volgende woorde te skrap: “Note: A fee to counsel on application shall be allowed only where the court certifies that the briefing of counsel was warranted”.

### Wysiging van Deel III van Tabel B van Bylae 2 tot die Reëls

8. Deel III van Tabel B van Bylae 2 tot die Reëls word gewysig deur in paragraaf 1 subparagraaf (b) te vervang:

“1. Die volgende geld word toegelaat benewens die geld in die Tarief by hierdie Deel uiteengesit:

(a) Alle nodige uitgawes aangegaan in verband met die verrigtinge.

(b) Benewens die gelde hieronder gestel, is die administrateur geregtig op 'n geld van 10% op elke paalement ingevorder ter delging van die kapitaal en koste, welke bedrag ingesluit is in die 12,5% ingevolge artikel 74L(2) van die Wet.”.

### **Wysiging van Deel II van Tabel C van Bylae 2 tot die Reëls**

9. Deel II van Tabel C van Bylae 2 van die Reëls word hierby gewysig deur Deel II deur die volgende Deel te vervang:

#### **“DEEL II**

#### **BALJU'S WAT NIE AMPTENARE VAN DIE STAATSDIENS IS NIE**

1A. Vir registrasie van enige dokument vir betekening of by ontvangs daarvan: R10,00.

1B. (a) Vir die betekening van 'n dagvaarding, getuiedagvaarding, kennisgewing of ander dokument wat nie 'n dokument is wat in item 2 genoem is nie, die reis na en van die plek van betekening van enige van die bogenoemde dokumente—

(i) binne 'n afstand van 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R40,00;

(ii) binne 'n afstand van 12 kilometer, maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R47,00;

(iii) binne 'n afstand van 20 kilometer, maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R63,00;

(b) Vir die gepoogde betekening van die dokumente in paragraaf (a) genoem, die reis na en van die plek van gepoogde betekening van enige van die bogenoemde dokumente—

(i) binne 'n afstand van 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R33,50;

(ii) binne 'n afstand van 12 kilometer maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R40,00;

(iii) binne 'n afstand van 20 kilometer maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R56,00;

(c) (i) Waar 'n dokument saam met 'n prosesstuk van die hof beteken moet word en in die prosesstuk vermeld word of 'n aanhangsel daarby is, word geen bykomende



geld gevra vir betekening van die dokument nie, andersins kan R10,00 gevra word vir elke aparte betekende dokument.

(ii) Geen gelde word gehef vir 'n aparte dokument wanneer prosesstukke in strafregtelike aangeleenthede beteken word nie.

(iii) Die betekening van 'n kennisgewing reël 54(1) bedoel gelyktydig met die dagvaarding word nie as 'n aparte betekening beskou nie.

(iv) Waar 'n lasgewer die balju, skriftelik, opdrag gee om 'n dokument in item 1B(a) of (2)(a) op 'n dringende grondslag of na-ure te beteken of tenuitvoer te lê, hef die balju bykomende gelde van R165,00 vir sodanige betekening ongeag of die betekening of tenuitvoerlegging suksesvol was, welke bykomende gelde deur die lasgewer betaal word, behalwe waar die hof anders gelas.

(v) By die toepassing van subparagraaf (iv) beteken—

(aa) “dringend” op dieselfde dag of binne vier-en-twintig-uur sedert die skritelike lasgewing; en

(bb) “na-ure” enige tyd—

(aaa) voor 7h00 of ná 19h00 op Maandae tot Vrydae; of

(bbb) op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag.

2. (a) Vir die tenuitvoerlegging van 'n lasbrief (behalwe teen onroerende goed), interdik, skuldbeslagorder of besoldigingsbeslagbevel, die reis na en van die plek van tenuitvoerlegging van die bogenoemde dokumente—

(i) binne 'n afstand van 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R56,00;

(ii) binne 'n afstand van 12 kilometer, maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R63,00;

(iii) binne 'n afstand van 20 kilometer, maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R78,50;

(b) Vir die gepoogde tenuitvoerlegging van die dokumente in paragraaf (a) vermeld, die reis na en van die plek van gepoogde tenuitvoerlegging van die bogenoemde dokumente—

- (i) binne 'n afstand van 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R47,00;
  - (ii) binne 'n afstand van 12 kilometer, maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R56,00;
  - (iii) binne 'n afstand van 20 kilometer, maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: R70,50;
- (c) (i) Vir die uitsetting van 'n verweerder uit die perseel in die uitsettingslasbrief bedoel: R33,50 per halfuur of gedeelte daarvan (met uitsondering van buitengewone uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan).
- (ii) 'n Verdere geld van R22,50 word na tenuitvoerlegging betaal vir elke persoon bo en behalwe die persoon in die prosesstukke van uitsetting genoem of na verwys, wat in werklikheid uitgeset is: Met dien verstande dat waar betekening aan enige persoon behalwe die vonnisskuldenaar, respondent of beslagskuldenaar nodig is ten einde die tenuitvoerlegging te voltooi, kan die geld in item 1B(a) vasgestel gehef word ten opsigte van elke sodanige betekening.
- (d) vir die uitwinning van enige lasbrief teen onroerende goed—
- (i) vir uitwinning, met inbegrip van betekening van kennisgewing van beslaglegging aan die eienaar van die onroerende goed en aan die registrateur van aktes of ander kantoor belas met die registrasie van daardie eiendom, en indien die eiendom geokkupeer word deur iemand anders as die eienaar, ook aan daardie okkupeerder: R186,00;
  - (ii) vir kennisgewing van beslaglegging aan 'n enkele huurder of okkupeerder: R17,50;
  - (iii) identiese kennisgewings waar daar verskeie huurders, okkupeerders of eienaars is, vir elkeen na die eerste een: R5,50;
  - (iv) vir die maak van waardasieverslag vir doeleindes van verkoping, per halfuur of gedeelte daarvan: R47,00;
  - (v) wanneer 'n balju gemagtig is om eiendom te verkoop en die eiendom word nie verkoop nie omdat die beslaglegging ingetrek of opgeskort word, al die nodige kennisgewing vir die intrekking of opskorting van die beslaglegging: R186,00; Opheffing van regterlike beslaglegging op onroerende goed: R186,00;

(vi) om uit te vind en aan te teken watter verband of ander beswarings teen die eiendom geregistreer is, saam met die name en adresse van die persone in wie se guns daardie verbande en beswarings aldus geregistreer is, met inbegrip van enige korrespondensie in verband daarmee (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan): R93,50;

(vii) vir kennisgewing aan die uitwinnende skuldeiser van daardie verbande of ander beswarings en van die name en adresse van die persone in wie se guns daardie verbande of ander beswarings geregistreer is: R17,50;

(viii) vir oorweging van bewys dat 'n preferente skuldeiser aan die vereistes van reël 43(5)(a) voldoen het: R10,00;

(ix) vir kennisgewing bedoel in reël 43(6): R17,50;

(x) vir oorweging van kennisgewing van verkoping voorberei deur die uitwinnende skuldeiser in oorleg met die balju: en

vir verifiëring dat kennisgewing van verkoping in die aangeduide koerante en in die *Staatskoerant* gepubliseer is, insluitend geld vir daardie oorweging en verifiëring: R93,50;

(xi) vir die aanstuur van 'n afskrif van die kennisgewing van verkoping aan elke vonnisskuldeiser wat die onroerende goed op beslag laat lê het en aan elke verbandhouer daarvan wie se adres bekend is, vir elke afskrif: R17,50;

(xii) vir die aanheg van 'n afskrif van die kennisgewing van verkoping aan die kennisgewingsbord van die landdroshof in reël 43(7)(e) bedoel en by of so naby as moontlik aan die plek waar die verkoping in werklikheid gaan plaasvind, 'n insluitende geld van R40,00 en reiskoste in item 4(a) bedoel;

(xiii) vir oorweging van die verkoopvoorwaardes deur uitwinnende skuldeiser voorberei; verder vir oorweging van gewysigde verkoopvoorwaardes deur belanghebbende party voorgelê; vasstelling van verkoopvoorwaardes: R93,50 vir elke bywoning;

(xiv) vir alle nodige bywonings voorgeskryf deur enige wet wat met veilings verband hou, in die besonder die 'Consumer Protection Act', 2008 (Wet No. 68 van 2008): R280,50;

(xv) vir die hou van 'n veiling, behalwe dat hierdie geld nie gehef mag word indien kommissie ingevolge items 2(d)(xvi) en (xvii) geëis word nie: R186,00;

(xvi) By die verkoping van onroerende goed deur die balju as afslaer, 6 persent op die eerste R100 00,00, 3,5 persent op R100 001,001 tot

R400 000,00 en 1,5 persent op die balans van die opbrengs van die verkoping, behoudens 'n maksimum kommissie van R40 000,00 in totaal, en 'n minimum van R3 000,00 (insluitend alle instansies van die balju se bankkoste en ander uitgawes aangegaan tydens die oordrag van die opbrengs in sy of haar trustrekening), welke kommissie deur die koper betaal word;

(xvii) Indien 'n afslaer in diens geneem word soos voorsien in reël 43(10), 3 persent op die eerste R100 000,00, 2 persent op R100 001,00 tot R400 000,00 en 1 persent op die balans daarvan, onderhewig aan 'n maksimum kommissie van R22 850,00, in totaal, en 'n minimum van R3 000,00 (insluitend alle instansies van die balju se bankkoste en ander uitgawes aangegaan in die oordrag van die opbrengs na sy of haar trustrekening), welke kommissie deur die koper betaal word;

(xviii) vir skriftelike kennisgewing aan die koper wat versuim het om aan die verkoopvoorwaardes te voldoen: R47,00;

(xix) vir enige verslag in reël 43(11) bedoel: R47,00;

(xx) vir verwittiging van vonnisskuldenaar van die intrekking in reël 43(1)(a)(iii) bedoel: R17,50;

(xxi) vir kennisgewing in reël 43(11)(c) bedoel: R17,50;

(xxii) vir gee van oordrag aan die koper: R23,00;

(xxiii) vir ontvangs van sertifikaat in reël 43(14)(a) bedoel: R17,50;

(xxiv) vir voorbereiding van 'n plan vir verspreiding van die opbrengs (met inbegrip van nodige afskrifte) en vir aanstuur van 'n afskrif na die griffier: R93,50;

(xxv) vir kennisgewing aan alle partye wat lasbriewe ingedien het en aan die uitwinnings-eksekuteur dat die verspreidingsplan ter insae beskikbaar sal wees, vir elke kennisgewing: R17,50;

(xxvi) vir die verslag in reël 43A(9)(d) bedoel: R47,00.

3. Samestelling van enige opgawe ingevolge reël 8, in duplikaat: R16,00.

4. (a) Die Balju moet, benewens die gelde ingevolge items 1B(a), 1B(b), 2(a) en 2(b), genoem, maar behoudens item 4(b) en (c), 'n reistoelaag toegelaat word van R5,00 per

kilometer, of gedeelte daarvan, vir die kortste moontlike reis heen en terug van die kantoor van die Balju na die plek van betekening of uitwinning en terug.

(b) Die reistoelae in items 4(a), 5(a) en 5(c)(i) bedoel word bereken op die afstand bereken vanaf die kantoor van die balju indien —

(i) die balju se kantoor in die regsgebied deur die Minister aan die balju toegewys, val; en

(ii) die afstand van die balju se kantoor minder is as die afstand bereken vanaf die hofgebou naaste aan die adres van betekening

(c) Indien die vereiste in item 4(b) nie aan voldoen word nie, word die reistoelae in items 4(a), 5(a) en 5(c)(i) bereken volgens die afstand bereken vanaf die hofgebou vanaf die hofgebou naaste aan die adres vir betekening.

5. (a) Ten opsigte van die verrigting van enige amptelike plig behalwe dié in items 1 en 2 vermeld, maar behoudens item 4(b) en (c), is 'n reistoelaag van R5,00 per kilometer vir elke kilometer, of gedeelte daarvan, aan die balju betaalbaar vir die gaan en terugkeer.

(b) 'n Reistoelaag sluit al die uitgawes in wat op reis aangegaan is, met inbegrip van treinkaartjies.

(c) 'n Reistoelaag word bereken ten opsigte van elke aparte betekening, met die uitsondering dat—

(i) waar meer as een betekening op dieselfde reis gedoen kan word, die afstand van die balju se kantoor na die eerste plek van betekening net een keer in ag geneem word, en gelyk aan die onderskeie betekeninge toegedeel word; en

(ii) waar betekening van dieselfde prosesstukke aan meer as een persoon by dieselfde adres van betekening deur 'n balju gedoen moet word, slegs een heffing vir reis toegelaat word.

(d) Wanneer die balju enige persoon onder arres moet vervoer, 'n toelating van R5,00 per kilometer ten opsigte van daardie gedeelte van sy of haar reis waarop hy of sy noodsaaklikerwys deur daardie persoon vergesel is, toegelaat word.

6. (a) Maak van 'n inventaris, met inbegrip die maak van alle nodige afdrukke en tyd spandeer op voorraadopname: R33,50 per halfuur of 'n deel daarvan.

(b) Vir bystand, indien nodig, met die opstel van 'n inventaris, R33,50 per halfuur of deel daarvan.

7. Die besigtiging, opstel en invul van 'n borgakte, borgstellingsakte of skadeloosstellingsakte: R10,00.

8. Beheer of bewaring van goed (geld uitgesluit):

(a) (i) Vir elke amptenaar noodsaaklikerwys in besit gelaat, 'n redelike insluitende bedrag van hoogstens R117,00 per dag.

(ii) Reistoelaes, moet in elke geval losies insluit.

(b) Indien beslag op lewende hawe gelê word, word slegs die nodige uitgawes vir die aanjaag en bewaring van die lewende hawe toegelaat word.

(c) Indien die goedere verwyder en opgeberg word, word slegs die koste van verwydering en opberging toegelaat.

9. (a) '**bewaring**' beteken werklike fisieke bewaring deur 'n persoon in diens van en betaal deur die balju, wie se enigste taak vir die tyd en wyl is om op die perseel te bly waar die goed op beslag gelê is en wat, in der waarheid, in bewaring bly vir die tydperk waarvoor bewaring gevorder word.

(b) '**koste van verwydering**' beteken die bedrag werklik en noodsaaklikerwys uitbetaal vir verwydering of gepoogde verwydering deur 'n derde party of 'n poging aangewend is om dit te verwyder, indien dit deur die balju sigself verwyder is, die bedrag wat billik toelaatbaar sal wees in die gewone loop van sake indien die goed deur 'n derde party verwyder is, of 'n poging aangewend is om dit aldus te verwyder.

(c) '**koste van opberging**' beteken die bedrag werklik en noodsaaklikerwys betaal vir opberging indien die goed by 'n derde persoon opgeberg word of, indien die balju die stoorplek voorsien het, sodanige bedrag soos billik toelaatbaar sal wees in die gewone loop van sake indien die goedere by 'n derde persoon opgeberg is.

10. (a) Waar 'n uitwinningslasbrief of skuldbeslagorder ten volle, of gedeeltelik, aan die balju betaal word of gelde op beslag gelê in uitwinning teen roerende goed, 9 persent van die bedrae aldus betaal of op beslag gelê, met 'n minimum van R63,00 en 'n maksimum van R614,00.

(b) Kennisgewing van beslaglegging aan elke persoon wat in kennis gestel staan te word: R10,00.

11. Waar eiendom ingevolge reël 4(7)(f)(i) vrygegee word, of die uitwinningslasbrief ingetrek of opgeskort word, of die vonnisskuldenaar se boedel na die beslaglegging gesekwestreer word, onderhewig aan 'n maksimum van R186,00: Met dien verstande dat indien 'n verkoping daarna as gevolg van die genoemde beslaglegging plaasvind, word die bedrag aldus betaal, afgetrek van die kommissie kragtens item 12 betaalbaar.

12. Waar die uitwinningslasbrief teen roerende goed per verkoping afgehandel word, 9 persent van die eerste R15 000,00 of gedeelte daarvan, en daarna 6 persent, met 'n maksimum van R8 178,50.

13. Vir die versekering van inbeslaggenome goed, indien nodig geag, en by skriftelike opdragte van die vonnisskuldeiser aan die balju, benewens die premie wat betaal staan te word, 'n alomvattende bedrag van R33,50.

15. Wanneer op onroerende goed beslag gelê is en die beslaglegging verstryk, soos in artikel 66(4) van die Wet bedoel: R56,00.

17. Benewens die gelde deur items 10 tot 13, albei ingesluit, toegelaat, word daar toegelaat—

(a) die som werklik en redelik betaal deur die balju of die afslaer vir druk, advertering en gee van publisiteit aan enige verkoping of voorgenome verkoping in uitwinning.

18. Waar die balju in bewaring is kragtens meer as een uitwinningslasbrief, kan hy of sy slegs vir een bewaring gelde vorder, en daardie bewaring moet, sover moontlik, gelykop toegedeel word aan die verskeie lasbriewe in dieselfde tydperk uitgereik: Met dien verstande dat elke uitwinnende skuldeiser gesamentlik en apart aanspreeklik sal wees vir daardie bewaring tot 'n bedrag wat nie die bedrag oorskrei wat kragtens sy of haar uitwinning verskuldig sou wees indien dit alleenstaande was.

19. Gelde betaalbaar op die waarde van in beslag genome goed of op die opbrengs van die verkoping van goed in uitwinning is nie hefbaar op daardie waarde of opbrengs vir sover dit meer is as die bedrag van die lasbrief.

20. Die gelde en uitgawes van die balju in uitwinning van 'n skuldbeslagorder word gevoeg by die bedrag wat kragtens die bevel verhaal staan te word, en is vorderbaar van die vonnisskuldenaar.

21. Indien dit nodig is vir die balju om 'n dokument deur hom of haar vir betekening of tenuitvoerlegging ontvang aan die opdraggewer terug te besorg omdat—

(a) die adres van betekening wat op die prosesstuk verskyn nie binne sy of haar regsbevoegdheid val nie; of

(b) die opdraggewer versoek het, voor 'n gepoogde betekening of tenuitvoerlegging van die prosesstuk, dat dit aan hom of haar terugbesorg word, is 'n bedrag van R10,00 betaalbaar.

22. Vir die vervoer van enige persoon deur die balju in hegtenis geneem of in sy of haar aanhouding geplaas van die plek van aanhouding af na die hof op 'n dag wat volg op die

dag van inhegtenisneming: R33,50 per reis en R63,00 per uur, of deel daarvan, om voor die hof te verskyn.

23. Vir die bestudering van aangeduide koerante en die *Staatskoerant* waarin die kennisgewing van verkoping gepubliseer is, soos in reël 41(8)(c) bedoel: R10,00.

25. Vir die aanbring van 'n afskrif van die kennisgewing van verkoping op die kennisgewingbord van die hofgebou of ander openbare gebou en by of so naby as moontlik aan die plek waar die genoemde verkoping werklik gaan plaasvind in reël 41(8)(b) bedoel: R23,50 en reiskoste, in item 5(a) bedoel.

26. Vir die opstel van en uitreiking van 'n tussenpleitdagvaarding: R93,50.

27. Benewens die gelde in hierdie Tabel voorgeskryf, is die balju geregtig op die bedrag werklik betaal vir posgeld en telefoonoproepe.

28. Vir die skryf van elke nodige brief, faks of e-pos, met uitsondering van formele briewe wat proses of relaas vergesel: R17,50.

29. Maak of beantwoording van elke noodsaaklike telefoonoproep: R16,00.

30. Afstuur en ontvangs van elke nodige faks of e-pos per bladsy (benewens telefoonkoste): R5,50.

32. Vir die maak van alle nodige afskrifte van dokumente: R4,00, per A4-grootte bladsy.

33. (a) 'n Versoek om 'n rekening van 'n balju te takseer moet gedoen word binne 90 dae na die datum van aflewering van die rekening waarvan die fooie betwis word.

(b) Vir die opstel van die rekening vir taksering en bywoning van die taksering deur die balju: R63,00.

34. Bankkoste: Werklike koste aangegaan ten opsigte van bankkoste en tjekvorms.

35. (a) Opstel van kennisgewing aan die vonnisskuldenaar ingevolge artikel 65A(8)(b) van die Wet: R17,50.

(b) Betekening van die kennisgewing in paragraaf (a) beoog: Tarief soos voorgeskryf in item 1B(a).

(c) Gepoogde betekening van die kennisgewing in paragraaf (a) beoog: Tarief soos voorgeskryf in item 1B(b).



(d) Die tarief, soos in item 4 voorgeskryf, is op paragrawe (b) en (c) van toepassing.

36. (a) Vir die inhegtenisneming of gepoogde inhegtenisneming van 'n vonnisskuldenaar ingevolge artikel 65A(6) van die Wet:

(i) Die tarief soos voorgeskryf in item 2(a) of item 2(b), na gelang van die geval.

(ii) Die tarief, soos voorgeskryf in item 4, is op hierdie item van toepassing.

(b) Vir die oorhandiging van die vonnisskuldenaar aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens, gevangenes se vriend of klerk van die hof of ander wettige plek van aanhouding:

(i) Die tarief, soos in item 2(a) voorgeskryf.

(ii) Reiskoste van plek van inhegtenisneming na plek van oorhandiging aan die tersaaklike gesag, in paragraaf (b) bedoel, per kilometer of gedeelte daarvan: R5,00.

(iii) Wagtyd ten opsigte van oorhandiging van die vonnisskuldenaar aan die tersaaklike owerheid, in paragraaf (b) bedoel: R33,50, per halfuur of gedeelte daarvan, met 'n maksimum van R124,00."

### **Inwerkingtreding**

10. Hierdie reëls tree in werking op 1 JULIE 2019.

## SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

NO. R. 843

31 MAY 2019

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.  
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/5A/165)**

In terms of section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 5A of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended, with effect from 5 June 2019, to the extent set out in the Schedule hereto.

  
**M GUNGUBÉ**  
DEPUTY MINISTER OF FINANCE

**SCHEDULE**

**By the insertion of the following Note(s) 6 and 7 after Note 5 in Section A to Part 5 of Schedule No. 1:**

6. Any fuel levy payable in terms of Part 5A consists of the general fuel levy and the carbon fuel levy.
- 7.
- (a) For the purposes of item 195.10.03 the rate of fuel levy shall be the sum of the -  
 (i) general fuel levy at a rate of 354 cents per litre; and  
 (ii) carbon fuel levy at a rate of 7 cents per litre.
- (b) For the purposes of items 195.10.15; 195.10.17; 195.10.21 and 195.20.03 the rate of fuel levy shall be the sum of the -  
 (i) general fuel levy at a rate of 339 cents per litre; and  
 (ii) carbon fuel levy at a rate of 8 cents per litre.
- (c) For the purposes of item 195.20.01 the rate of fuel levy shall be the sum of the -  
 (i) general fuel levy at a rate of 170.5 cents per litre; and  
 (ii) carbon fuel levy at a rate of nil cents per litre.

**By the substitution of the following:**

Fuel Levy Item	Tariff Heading	Article Description	Rate of Fuel Levy
195.10.03	2710.12.02	Petrol, as defined in Additional Note 1(b) to Chapter 27	361c/li
195.10.15	2710.12.26	Illuminating kerosene, as defined in Additional Note 1(f) to Chapter 27, unmarked	347c/li
195.10.17	2710.12.30	Distillate fuel, as defined in Additional Note 1(g) to Chapter 27	347c/li
195.10.21	2710.12.39	Specified aliphatic hydrocarbons solvents, as defined in Additional Note 1(i) to Chapter 27, unmarked	347c/li
195.20.01	3826.00.10	Biodiesel as specified in Additional Note 1(a) to Chapter 38	170.5c/kg
195.20.03	3826.00.90	Other biodiesel	347c/li

## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. R. 843

31 MEI 2019

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.**  
**WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/5A/165)**

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Akswynswet, 1964, word Deel 5A van Bylae No. 1 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, met ingang vanaf 5 Junie 2019, in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

  
**M GUNGUBELE**  
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die invoeging van die volgende Opmerking(s) 6 en 7 na Note 5 in Afdeling A tot Deel 5 van Bylae No. 1:**

6. Enige brandstofheffing betaalbaar ingevolge Deel 5A sal bestaan uit die algemene brandstofheffing en die koolstofbrandstofheffing.
- 7.
- (a) Vir die doeleindes van item 195.10.03 sal die skaal van brandstofheffing die som wees van die -
- (i) algemene brandstofheffing teen 'n skaal van 354 sent per liter; en
- (ii) koolstofbrandstofheffing teen 'n skaal van 7 sent per liter
- (b) Vir die doeleindes van items 195.10.15; 195.10.17; 195.10.21 en 195.20.03, sal die skaal van brandstofheffing die som wees van die -
- (i) algemene brandstofheffing teen 'n skaal van 339 sent per liter; en
- (ii) koolstofbrandstofheffing teen 'n skaal van 8 sent per liter.
- (c) Vir die doeleindes van item 195.20.01 sal die skaal van brandstofheffing die som wees van die -
- (i) algemene brandstofheffing teen 'n skaal van 170.5 sent per liter; en
- (ii) koolstofbrandstofheffing teen 'n skaal van nul sent per liter.

**Deur die vervanging van die volgende:**

Brandstof-heffingitem	Tariefpos	Artikel Beskrywing	Skaal van Brandstofheffing
195.10.03	2710.12.02	Petrol, soos omskryf in Addisionele Opmerking 1(b) by Hoofstuk 27	361c/li
195.10.15	2710.12.26	Verhittingskeroseen, soos omskryf in Addisionele Opmerking 1(f) by Hoofstuk 27, ongemerkt	347c/li
195.10.17	2710.12.30	Disillaatbrandstof, soos omskryf in Addisionele Opmerking 1(g) by Hoofstuk 27	347c/li
195.10.21	2710.12.39	Gespesifiseerde alifatiese koolwaterstofoplosmiddels, soos omskryf in Addisionele Opmerking 1(ii) by Hoofstuk 27, ongemerkt	347c/li
195.20.01	3826.00.10	Biodiesels soos omskryf in Addisionele Opmerking 1(a) by Hoofstuk 38	170.5c/kg
195.20.03	3826.00.90	Ander biodiesels	347c/li

## SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

NO. R. 844

31 MAY 2019

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.  
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 6 (NO. 6/3/49)**

In terms of section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 3 of Schedule No. 6 to the said Act is hereby amended, with effect from 5 June 2019, to the extent set out in the Schedule hereto.

  
**M GUNGUBELE**  
**DEPUTY MINISTER OF FINANCE**

**SCHEDULE**

**By the insertion of the following Note(s) after Note 6(a)(xi) in Part 3 of Schedule No. 6:**

- (xii) fuel levy is limited to the general fuel levy contemplated in Notes 6 and 7 of Part 5A of Schedule No. 1 at the rate specified in Note 7(b)(i) for distillate fuel and Note 7(c)(i) for biodiesel respectively of the said Part 5A.

**By the substitution of Note 6(b)(i) in Part 3 of Schedule No. 6 with the following:**

- (i) Farming, forestry or mining on land is, 135,6 cents per litre fuel levy on 80 per cent of eligible purchases, plus 198 cents per litre Road Accident Fund levy on 80 per cent of eligible purchases equalling 333,6 cents per litre on 80 per cent of the **total eligible** purchases.  
Mode of calculation of refund is as follows:  
(aa) For 1 000 litres eligible purchases -  
1 000 x 80 per cent equals 800 litres on which a refund of 333,6 cent per litre may be claimed;  
(bb) For 1 000 litres purchased of which 300 litres represent non-eligible purchases, for example, carriage of goods for reward -  
1 000 litres less 300 litres equals 700 litres eligible purchases x 80 per cent equals 560 litres on which a refund of 333,6 cents per litre may be claimed;

**By the substitution of Note 6(b)(ii)(gg) in Part 3 of Schedule No. 6 with the following:**

- (gg) vessels employed to service fibre optic telecommunication cables along the coastline of Southern Africa, is  
339 cents per litre fuel levy, plus 198 cents per litre Road Accident Fund levy equalling 537 cents per litre.

**By the substitution of Note 6(b)(v) in Part 3 of Schedule No. 6 with the following:**

- (v) Distillate fuel used solely as fuel in electricity generation plants with a capacity exceeding 200 megawatt per plant, generating electricity for the national distribution network, is 169,5 cents per litre fuel levy, plus 198 cents per litre Road Accident Fund levy equalling 367,5 cents per litre.

## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. R. 844

31 MEI 2019

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.**  
**WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/3/49)**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 6 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, met ingang vanaf 5 Junie 2019, in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

  
**M GUNG'UBELE**  
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die invoeging van die volgende Opmerking(s) na Opmerking 6(a)(xi) in Deel 3 van Bylae No. 6:**

- (xii) brandstofheffing word beperk tot die algemene brandstofheffing soos omskryf in Opmerkings 6 en 7 van Deel 5A van Bylae No. 1 teen die skaal vermeld in Opmerking 7(b)(i) vir distillaatbrandstof en Opmerking 7(c)(i) vir biodiesel onderskeidelik van die genoemde Deel 5A.

**Deur Opmerking 6(b)(i) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

- (i) Landbou, bosbou of mynbou op land, is 135,6 sent per liter brandstofheffing op 80 persent van geskikte aankope, **plus** 198 sent per liter Padongelukfondsheffing op 80 persent van geskikte aankope is gelyk aan 333,6 sent per liter op 80 persent van die **totale geskikte** aankope.  
Metode van berekening van terugbetaling is as volg:  
(aa) Vir 1 000 liter geskikte aankope -  
1 000 x 80 persent is gelyk aan 800 liter waarvoor 'n terugbetaling van 333,6 sent per liter geëis mag word;  
(bb) Vir 1000 liter aangekoop waarvan 300 liter ongeskikte aankope verteenwoordig, byvoorbeeld, vervoer van goedere teen vergoeding -  
1 000 liter min 300 liter is gelyk aan 700 liter geskikte aankope x 80 persent is gelyk aan 560 liter waarop 'n terugbetaling van 333,6 sent per liter geëis mag word;

**Deur Opmerking 6(b)(ii)(gg) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

- (gg) vaartuie aangewend vir die diens van vessloptiese-telekommunikasiekabels langs die kuslyn van Suider-Afrika,  
is 339 sent per liter brandstofheffing, **plus** 198 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 537 sent per liter.

**Deur Opmerking 6(b)(v) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

- (v) Distillaatbrandstof vir gebruik uitsluitlik as brandstof deur elektrisiteitsopwekkingsaanlegte met 'n kapasiteit van meer as 200 megawatt per aanleg, wat krag opwek vir die nasionale verspreidingsnetwerk, is 169,5 sent per liter brandstofheffing, **plus** 198 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 367,5 sent per liter.

## SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

NO. R. 845

31 MAY 2019

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964  
AMENDMENT OF RULES (DAR/184)

Under sections 8 and 120 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 Of 1964), the rules published in Government Notice R.1874 of 8 December 1995, are herewith amended to the extent set out in the Schedule hereto.



EDWARD CHRISTIAN KIESWETTER

COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

## SCHEDULE

**Amendment of rule 8.01**

1. Rule 8.01 is hereby amended by the insertion of the following definition after the definition of “own goods carrier”:

“**part-shipment**”, in relation to information reflected on an advance arrival or departure notice prescribed in terms of these rules for trucks entering or leaving the Republic, indicates a part of a consignment of goods that is –

- (a) transported through a single land border-post on more than one truck by reason of the size, weight or volume of the goods in the consignment; and
- (b) entered on a single bill of entry;”

**Amendment of rule 8.29**

2. Rule 8.29 is hereby amended by –

- (a) the deletion of the word “and” at the end of paragraph (e) of subrule (2);
- (b) the substitution for the full stop at the end of subparagraph (iii) of subrule (2) (f) of the word “and”; and
- (c) the addition of the following paragraph after paragraph (f) of subrule (2):

“(g) if the cargo transported is a part-shipment, an indicator to that effect, stating that the cargo is being transported “in part” or “in final part” of the part-shipment.”.

### **Amendment of rule 8.32**

**3.** Rule 8.32 is hereby amended by –

- (a) the deletion of the word “and” at the end of paragraph (f) of subrule (2);
- (b) the substitution for the full stop at the end of subparagraph (iii) of subrule (2) (g) of the word “and”; and
- (c) the addition of the following paragraph after paragraph (g) of subrule (2):
  - “(h) if the cargo transported is a part-shipment, an indicator to that effect, stating that the cargo is being transported “in part” or “in final part” of the part-shipment.”.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za  
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065